Wat leer Calvyn selfhelp-ghoeroes oor ’n nuwe leefstyl?

Nadenke oor ’n teologie wat ons kan help om van ons belydenis ’n leefstyl te maak



Frederick Marais *is die afgelope paar jaar is hy betrokke by die Vennootskap vir Gestuurde Gemeentes en die Seisoen van Luister.*

Selfhelp-ghoeroes soos Steven Covey is bekend daarvoor dat hulle dink dat in menslike selfbestuur die gewoonte om prioriteite vanuit jou missiestelling te vorm van die uiterste belang is. Vergelyk sy derde gewoonte van effektiwiteit: *First-things-first!*

Dit is nie ’n onbekende gewoonte vir dissipels nie. Jesus sê in sy Bergrede: “… beywer julle allereers vir die koninkryk van God …” (Matt 6:33). Paulus beklemtoon aan die gemeente van Filippi: “Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees …” (Fil 1:29). Ons lewe as Christene kry koers as ons die roeping wat ons ontvang het soos ’n kompas ons lewe daagliks laat rig.

Gevorm deur roeping

Kom ons gaan egter ’n stap verder.

As ek navolging van Christus reg verstaan, is die uitdaging nie net om my roeping te formuleer (lees “verstaan”) nie, maar om deur die roeping *gevorm* (“moulded”) te word. Die eintlike uitdaging is om toe te laat dat die roeping ons lewenskeuses, en belangriker nog ons leefstyl, daagliks informeer. Brian McLaren sê tereg dat die uitdaging is om van geloof – as ’n stel formules – ’n leefstyl te maak. Dit is nie ’n onskuldige uitdaging vir mense van ’n tradisie wat met dokumente soos belydenisskrifte werk nie!

In die gereformeerde tradisie word ons groot met geloofstellings. Ons leer hulle. Ons preek hulle. Ons probeer hulle verstaan (hopende dat verstaan ons sal help om uiteindelik ons lewe te verander).

Ek herinner my aan ’n gesprek met wyle prof Willie Jonker in my finalejaar op Kweekskool. Hy het gepraat oor hoe hy sy inpak onder predikante en studente geëvalueer het. Hy het geoordeel dat daar tog ’n groter begrip en liefde vir die gereformeerde teologie gekom het. Hy was dankbaar daaroor.

“Ek is tog bekommerd,” het hy gesê,” dat ons nie die mooi dinge wat ons bely lééf nie. Ek sien nie gemeentes wat die sola’s leef nie!”

Bose kringloop van probeer

My pogings om hierdie leefstylskuiwe te maak, het self maar sukkel-sukkel gegaan. Dit is byna asof ek nie mense in my tradisie vind wat ernstig hieroor voel nie en selfs neerkyk op enige ernstige poging om metodes te vind wat daarmee help.

Die selfhelp-ghoeroes het my baie geïnspireer, maar ook weer nie genoeg nie. As ek a la Covey en al die selfhelp-ghoeroes probeer om my leefstyl te verander, doen ek dit in eie krag en inspanning. Ek maak ’n wilsbesluit. Dan word ek byna onwillekeurig ingetrek in ’n bose kringloop van probeer … en weer probeer …

Dié bose kringloop lyk so: Ons begin met ’n idealistiese poging om ons leefstyl te verander (missiestelling). Onwillekeurig gebeur dit dat ons nie ons doelwitte bereik nie. Ons misluk. Dit laat ons met negatiewe ervarings en emosies oor ons eie vermoëns, en ons verloor moed. Dit gee ons selfbeeld ’n knou, laat ons skuldgevoelens verhoog. Dit lei weer daartoe dat ons nóg harder probeer. So begin vir baie mense ’n spiraal van negatiewe emosies en pogings tot verandering wat dikwels in ’n nagmerrie eindig.



Die basiese probleem met so ’n “probeer-uit-eie-krag” aan die hand van een of ander ideaal, sê Gys van Schoor in die handleiding *40 Dae: Jesus Stuur ons* (Creative Square 2011), is dat ons met ons pogings probeer om vrugte aan die boom te plak, in plaas daarvan om te vertrou dat die vrugte sal kom as ons die

wortels van die boom snoei en bemes.

Gys verduidelik die verskil tussen "probeer-uit-eie-krag" en "in-oefen" baie mooi:

"In-oefening is iets anders. In-oefening gaan oor wat jy saam met Jesus (en binne die gemeenskap van die gelowiges – JFM) doen. Hy is ons afrigter. Hy glo in jou. Hy moedig jou aan. Ons gaan dit nie sommer dadelik regkry nie. Jesus weet dit! Daarom nooi Hy ons in die verhouding met Hom in. En sy juk is sag en sy las is lig (Matt 11:28-30)."

As die fokus – soos by Covey en ander – op ons effektiwiteit en sukses is, slaag ons net as ons die doelwit bereik het. Gevolglik degradeer ons onsself tot funksionele wesens – *human beings* word *human doings* – wat hulleself aan die uitkomste wat hulle behaal meet en nie aan die kwaliteit van die verhoudings waarin hulle staan nie.

Inoefening binne verhoudings

Kom ons gaan nog 'n stap verder.

In-oefening van 'n nuwe leefstyl vind primêr in ('n) verhouding(s) plaas. Dit is hier waar ek ontdek het ons gereformeerde tradisie ons 'n hele ent verder kan help as wat ek gedink het!

As dissipels word ons ingenooi in die gemeenskap van die Drie-eenheid om binne die geborgenheid van die gemeenskap van die Vader, Seun en Gees te leef, te leer, te oefen en só te groei. Die gemeenskap van die Drie-eenheid is 'n gemeenskap van opofferende liefde en nie van eisende prestasie nie.

Calvyn skryf op 8 Augustus 1555 aan Petrus die Martelaar: "For although the faithful come into this Communion (*koinonia)* on the very first day of their calling; nevertheless, in as much as the life of Christ increases in them, He daily offers Himself to be enjoyed by them. This is the Communion (*koinonia)* which they receive in the Sacred Supper" (Canlis, 2010).

In hierdie gemeenskap, om hierdie tafel, is daar altyd nog 'n plek (… in die huis van my Vader is daar baie wonings …) omdat diegene aan die tafel altyd sal opstaan vir 'n vreemdeling om vir hom of haar plek te maak. En natuurlik, jy is ongeag van jou prestasies welkom. Trouens, dit is juis waar van hierdie gemeenskap dat hulle wat lyk of hulle dit nie op hulle eie maak nie, die belangrikste is. "Inteendeel, die lede van die liggaam wat die swakste voorkom, is juis noodsaaklik. " (1 Kor 12:22). In die gemeenskap van die Drie-eenheid ontdek ons 'n unieke "leefstyl" van onvoorwaardelike, waarderende liefde ("Jy is my geliefde Seun. Oor jou verheug Ek My" – Mark 1:11), interafhanklikheid, respek, skoonheid en vreugde.

> "In die gemeenskap van die Drie-eenheid ontdek ons 'n unieke "leefstyl" van onvoorwaardelike, waarderende liefde."

Volwaardige deelnemers

Kom ons gaan nog 'n stap verder.

Ons word in hierdie unieke gemeenskap ingenooi as volwaardige deelnemers om die tafel! Julie Canlis is van oordeel dat hierdie deelname ("participation") die kern van Calvyn se visie op die Christelike lewe is. "Participation takes us to the heart of Calvin's vision of the Christian life, since it has an integrative power to bind together disparate doctrines ..."(Canlis , 2010:243).

Ons uitnodiging tot en deelname aan die gemeenskap van die Drie-eenheid word dus nie bepaal deur ons menslike potensiaal of inspanning nie, maar deur die selfopofferende karakter van die Drie-enige God ("dit alles is die werk van God" – 2 Kor 5:18) soos in die mensheid, opofferende slaweliefde en kruisdood van Jesus Christus (Fil 2:5 vv) aan ons geopenbaar.

Saam met en deur Christus word ons deel gemaak van die gemeenskap met die Vader. Ons is dus nie net ontvangers van die genade nie; dit is juis deur die genade dat ons herstel word tot volwaardige deelnemers. Ons word in die gemeenskap van die Drie-eenheid uitgenooi om deel te neem aan hierdie versoening (2 Kor 5:19). Binne hierdie gemeenskap word ons herinner aan en herstel in ons identiteit.

'n Lewe van ontlediging

Kom ons gaan nog 'n stap verder.

As deelnemers aan die beweging van self-opofferende liefde van die Vader, Seun en Gees word ons uitgenooi tot 'n lewe van ontlediging. Ons ontvang ons identiteit in Christus as gevolg van 'n daad van ontlediging en leef dan in die gemeenskap van die Drie-eenheid 'n lewe van ontlediging, van ruimte maak, van opstaan en plek maak. Dit is hier waar die unieke leefstyl van dissipels in kontras staan met 'n evangelie van selfvervulling of -aktualisering. Die waardes om die tafel is nie dié van selfhandhawing nie, maar selfverloëning.

Let op dat die woord nie selfvernietiging of selfmiskenning is nie. Dit is juis diégene wat hulle identiteit in Christus ontvang het wat vanuit hierdie geborgenheid oor die waagmoed beskik om van selfontlediging 'n leefstyl te maak. "Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself" (Fil 2:4).

Die gemeenskap van die Drie-eenheid is dus nie 'n gemeenskap wat op die metafoor van hiërargie gebou is nie (julle-dien-my), maar op die metafoor van diens (ek-dien-julle). Dit was vir die dissipels so vreemd dat Petrus aanvanklik weier dat die Here sy voete was. Jesus se reaksie daarop is veelseggend: "As Ek jou nie was nie, *het jy nie deel aan my nie"* (Joh 13:8, my beklemtoning). Die orde in hierdie gemeenskap is omgekeer: Die Vader dien die Seun. Die Seun dien die dissipels deur vir hulle te sterf en hulle met gawes te bedien (Ef 4:7), sodat hulle as gestuurdes hierdie opofferende liefde tot aan die uithoeke van die wêreld kan gaan leef.

Die Gees staan ons by

Die Gees staan die dissipels by, gee aan hulle krag (Hand 1:8) en bring hulle in beweging om te kan deelneem aan 'n lewe van opofferende liefde.

Die Gees bedien ons nie alleen met krag en wysheid nie, maar met woorde. Ons kan eintlik sê in hierdie gemeenskap word ons nie "bemagtig" nie, maar "bewoord": "Die Gees staan ons ook in ons swakheid by; ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê kan word nie. En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges" (Rom 8:26-27).

In die in-oefening van die dissiplines is ook ons soos die Vader, Seun en Gees immer in 'n staat van interafhanklikheid. Die in-oefening is daarom 'n in-oefening in afhanklikheid, in ontvangs. Ons groei daarom nie – soos wat in ons wêreld gedroom word nie – na groter selfstandigheid en onafhanklikheid nie. Ons in-oefening en groei is dié van afhanklikheid en interafhanklikheid.

Anders as wat ons sou dink, maak dit egter nie van ons slawe van ander nie, maar maak dit ons vry om onvoorwaardelik te kan liefhê en die ander se belange hoër as ons eie te ag. Dit is om hierdie rede dat in die gimnasium van dissipelskap die eerste kamer die een van gebed, stilte en afsondering is.